# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!*

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

**UITGAWE 282 · 30 SEPTEMBER 2022**



Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za


## FRAMESBY KRY NUWE GIMNASIUM!

### MET PUIK TOERUSTING EN 'N GIMNASIUM-BESTUURDER!

Hoërskool Framesby spog binnekort met 'n splinternuwe gimnasium! Die huidige gimnasium word vergroot en heeltemal oorgedoen en sal Januarie 2023 vir die leerders gereed wees!











## VERJAARSDAE DIE WEEK

**SATERDAG • 1 OKTOBER**
Olivia Scheepers
Anri de Beer
Juan Miller
Willem Venter

**SONDAG • 2 OKTOBER**
Zak Boshoff
Caleb Damons
Lennushka Scholly

**MAANDAG • 3 OKTOBER**
Anika de Ridder

**DINSDAG • 4 OKTOBER**
Ruan Oosthuizen
Taleah van Deventer
Shaan Fouche
Alouise Vosloo
Miane Saunders

**WOENSDAG • 5 OKTOBER**
Esmeri Oberhauser

**DONDERDAG • 6 OKTOBER**
Matthew Aitken
Amber Barkhuizen
Bronwyn Goosen
Jane Steyn
Amore van Onselen

**VRYDAG • 7 OKTOBER**
Rumondray Fortuin
Renquin Goliath
Ian van Loggerenberg
Nikita van Rooyen

**SATERDAG • 8 OKTOBER**
*Mev. B. janse van Rensburg*
Jean Kolesky
Dakota Conrad

**SONDAG • 9 OKTOBER**
Kelly Spinks

**MAANDAG • 10 OKTOBER**
Arno Momberg
Francois Vosloo
Hannah Momberg

**DINSDAG • 11 OKTOBER**
Natasha Labuschagne

**WOENSDAG • 12 OKTOBER**
*Mnr. R. Karelse*

**DONDERDAG • 13 OKTOBER**
Rynard Jansen

**VRYDAG • 14 OKTOBER**
Amisha vd Walt
Johannes vd Walt
Zandri Stumke

**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR:**

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers

Ek haal 1 Johannes 5 vers 13 aan: “Hierdie brief skrywe ek vir julle sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo”. Mag dit vir ons almal waar wees.

Ouers, ek wil graag die volgende belangrike punte vir u uitlig:

A) GRAAD 8 TOT 12 LEERDERS
Alle graad 8 tot 12 leerders keer Dinsdag, 11 Oktober na die skool terug.

Die eerste dag sal gewy word aan die neem van foto’s. Alle leerders moet asseblief teenwoordig wees om op die foto’s te wees.

U vind aangeheg die kwartaalprogram. Die laaste akademiese dag vir ons graad 12-leerders is Maandag, 17 Oktober.

B)SLAAGVEREISTES
Bestudeer asseblief die onderstaande slaagvereistes deeglik.

Grade 10 – 12
40% vir Huistaal
40% vir twee ander vakke
30% vir drie ander vakke

Grade 8 - 9
50% vir Huistaal
40% vir Eerste Addisionele Taal
40% vir Wiskunde
40% in nog 3 ander vakke
30% in 2 ander vakke

C) AKADEMIESE VERPLIGTINGE VAN LEERDERS
Daar is leerders wat nie hul akademiese verpligtinge nakom nie. Ons doen ‘n beroep op u om met u kind(ers) ‘n opvoedkundige gesprek hieroor te hê.

D) KWARTAALVERSLAE VAN DIE DERDE KWARTAAL
Wanneer u die kwartaalverslag ontvang, moet u asseblief as volg te werk gaan:
- Werk die verslag deeglik sáám met u kind deur.
- Stel ‘n aksieplan op hoe u kind sy/haar uitslae kan verbeter.

E) EKSAMENS
Onderstaande eksamen-inligting word aan u vir die vierde kwartaal gekommunikeer:

| | | |
|---|---|---|
| Dinsdag, 25 Oktober | Graad 12 | NSS eksamen begin [FINALE ROOSTER AANGEHEG] |
| Donderdag, 27 Oktober | Graad 10 en 11 | Finale eksamen begin |
| Maandag, 4 November | Graad 8 en 9 | Finale eksamen begin |

Eksamenroosters vir Graad 8 tot 11 volg in die vierde kwartaal.

F) MATRIEKAFSKEID
Die matriekafskeid vind op Saterdag, 8 Oktober 2022 by Tramways plaas.

Ouers, ons vertrou dat dit ‘n pragtige aand sal wees ter afsluiting van ons graad-12 leerders se skoolloopbaan.

Ek doen nou al ‘n beroep op al ons graad 12 ouers om toe te sien dat leerders verantwoordelik sal optree

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

en dat goeie reëlings deur u as ouers in plek gestel sal word vir die aand.

G) SPORT- EN KULTUURAAND/MERIETEDIPLOMAPLEGTIGHEID/AKADEMIESE PRYSUITDELING

Die volgende belangrike datums moet u dagboek vir die 4de kwartaal:

| | |
|---|---|
| Maandag 17 Oktober 2022 | Sport- en Kultuuraand |
| Dinsdag 18 Oktober 2022 | Merietediplomaplegtigheid [Graad 8 – 10] |
| Woensdag 19 Oktober 2022 | Afsluitingseremonie – [Graad 12] |
| Donderdag 20 Oktober 2022 | Merietediplomaplegtigheid [Graad 11 – 12]/ Akademiese Prysuitdeling |

H) FAKKELFLITS

Ek moedig u aan om die Fakkelflits deeglik te bestudeer. Hier hou ons u op hoogte van alle gebeure en prestasies. Dit is op Framesby se Facebook-blad beskikbaar.

I) SKOOLSLUITING

Neem kennis dat die skool vir alle leerders op die 14de Desember en personeel op die 15de Desember sluit.

J) KENNISGEWING VAN NOMINERING EN VERKIESING VAN BEHEERLIGGAAMLEDE

Aangeheg die kennisgewing van nominering en verkiesing vir 2 vakante beheerliggaamposte by HS Framesby. Mnr. M de Vries is as ons kiesbeampte aangestel.

K)OUERVERGADERING - BEGROTING

Aangeheg die kennisgewing van die algemene ouervergadering met betrekking tot die skoolbegroting vir 2023.

L) FOTODAG – 11 OKTOBER 2022

Ons herinner u daaraan dat fotodag op 11 Oktober 2022 plaasvind. Alle uitstaande foto's wat hierdie jaar nog nie geneem is nie sal op hierdie dag geneem word. Leerders moet hulle sportdrag (vir alle aktiwiteite se foto's waarop hulle moet wees) saambring. Vir alle foto's wat in skooldrag geneem word moet leeders volle formele drag dra (das en baadjie). Alle leerders moet dié dag skool bywoon. Die skool sal verdaag word soos op 'n normale skooldag.

M) GRAAD 12-PRESTASIE/DERDE KWARTAAL

Ons graad 12-leerders het bevredigende werk gelewer.

Uit die agtien vakke wat ons aanbied, het sewe van hierdie vakke 'n 60%-gemiddeld en hoër. Die vakke is:

Engels Eerste Addisionele Taal
Engels Huistaal
Dramatiese Kunste
Besigheidstudies
IGO
Musiek
Toerisme

Daar is 5 leerders met 'n gemiddeld van 80% en hoër. Baie geluk aan hierdie leerders met die puik prestasies.

N) GRAAD 11-PRESTASIE/DERDE KWARTAAL

Ons graad 11-leerders het uitstaande presteer en 'n duidelike opwaartse kurwe is sigbaar.
Uit die negentien vakke wat ons aanbied, het een vak 'n 80%-gemiddeld en hoër. Die vak is:
Musiek
Uit die negentien vakke wat ons aanbied, het ses van hierdie vakke 'n 70%-gemiddeld en hoër. Die vakke is:

Engels Huistaal
Engels Eerste Addisionele Taal
Lewensoriëntering
Rekeningkunde
IGO

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Lewenswetenskap

Uit die negentien vakke wat ons aanbied, het agt van hierdie vakke 'n 60%-gemiddeld en hoër. Die vakke is:
Afrikaans Huistaal
Wiskundige Geletterdheid
Verbruikerstudie
Dramatiese Kunste
Inligtingstegnologie
Geografie
Toerisme
Landbouwetenskappe

Daar is 30 leerders met 'n gemiddeld van 80% en hoër. Baie geluk aan hierdie leerders met puik prestasies.

O) GRAAD 10-PRESTASIE/DERDE KWARTAAL
Ons graad 10-leerders het uitstaande presteer en 'n duidelike opwaartse kurwe is sigbaar.

Uit die twintig vakke wat ons aanbied, het twee vakke 'n 80%-gemiddeld en hoër. Die vak is:

Geografie
Lewenswetenskappe

Uit die twintig vakke wat ons aanbied, het twee van hierdie vakke 'n 70%-gemiddeld en hoër. Die vakke is:
Engels Huistaal
Engels Eerste Addisionele Taal

Uit die twintig vakke wat ons aanbied, het ses van hierdie vakke 'n 60%-gemiddeld en hoër. Die vakke is:
Lewensoriëntering
Besigheidstudies
IGO
Musiek
Fisiese Wetenskappe
Toerisme

Daar is 20 leerders met 'n gemiddeld van 80% en hoër. Baie geluk aan hierdie leerders met die puik prestasies.

P) GRAAD 9-PRESTASIE/DERDE KWARTAAL
Die graad 9-leerders het uitmuntend presteer.

Uit die tien vakke wat ons aanbied, het een vak 'n 80%-gemiddeld en hoër. Die vak is:
Tegnologie

Uit die tien vakke wat ons aanbied, het vier van hierdie vakke 'n 70%-gemiddeld en hoër. Die vakke is:
Engels Huistaal
Natuurwetenskappe
Kreatiewe Kunste
Lewensoriëntering

Uit die tien vakke wat ons aanbied, het vier van hierdie vakke 60%-gemiddeld en hoër. Die vakke is:
Afrikaans Huistaal
Engels Eerste Addisionele Taal
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Sosiale Wetenskappe

Daar is 78 leerders met 'n gemiddeld van 80% en hoër. Baie geluk aan hierdie leerders met die puik prestasies.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Q) GRAAD 8-PRESTASIE/DERDE KWARTAAL
Die graad 8-leerders het uitmuntend presteer.

Uit die tien vakke wat ons aanbied, het een vak 'n 80%-gemiddeld en hoër. Die vak is:
Ekonomiese- en Bestuurswetenskape

Uit die tien vakke wat ons aanbied, het vyf van hierdie vakke 'n 70%-gemiddeld en hoër. Die vakke is:
Engels Huistaal
Natuurwetenskappe
Tegnologie
Kreatiewe Kunste
Lewensoriëntering

Uit die tien vakke wat ons aanbied, het drie van hierdie vakke 'n 60%-gemiddeld en hoër. Die vakke is:
Afrikaans Huistaal
Engels Eerste Addisionele Taal
Sosiale Wetenskappe

Daar is 67 leerders met 'n gemiddeld van 80% en hoër. Baie geluk aan hierdie leerders met die puik prestasies.

R) TOP 20

Die top twintig word as volg bereken:
Graad 8 tot 12
Die totaal van alle vakke word in ag geneem. Die leerder moes egter alle vakke voltooi het.

Ek dank u vir u volgehoue ondersteuning. Soos ek dikwels vir u sê: die toekoms van Hoërskool Framesby is blou en goud! Kom ons werk almal saam om dit so te hou.

**MARIUS GERMISHUYS**
SKOOLHOOF



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# TOP 20 - GRAAD 8

- Alle vakke word in berekening gebring.
- Om vir Top 20 te kwalifiseer moes leerders die volle eksamen afgelê het.


1. PAUL VAN HEERDEN
97,2%


2. LEANé DU PREEZ
95%


3. MARLI BüCHNER
94,4%


4. ZIA FERREIRA
94,2%


4. DURANDT ROOTMAN
94,2%


6. ZANDRI STUMKE
93,1%


7. WIAN HOLTZHAUSEN
92.8%


8. ANJA KRUGER
92,7%


9. MATTHYS POTGIETER
92,6%


10. LIAM BLIGNAULT
92,2%


10. CHERIZE SCHUTTE
92,2%


12. ANINE EHLERS
91,9%


13. RUBEN BOUWER
91,8%


13. MARI GEISSLER
91,8%


15. SHANTé KAPP
91,3%


16. DANIëL STOFBERG
91,1%


17. LUKA BESSINGER
90.6%


18. LARA STEYN
89,8%


19. REYNARD JANSEN
89,6%


20. MIEKE FRIER
89,4%

# RES VAN A-KANDIDATE!


NICO BARKHUYSEN
89%


CHANRé BARNARD
83%


CONNOR BEER
85%


AUSTIN BENECKE
80%


JAMIE-LEE BESTER
86%


NINA BEZUIDENHOUT
81%


LINMARI BOTHA 83%


ABIGAILE CLOETE
80%


MAYNARD CROUSE
86%


LUKAS DE KLERK 83%


Mé-JEAN DU PREEZ
85%


GUSTAV EISENBERG
83%


**TENEAL ELS** 89%


**ESTéE FOURIE** 82%


**REUBEN FOURIE** 83%


**MINKA GREEFF** 81%


**RUAN GRIGOR** 86%


**ROXY HARRIS** 86%


**ANIKA JOHNSTONE** 82%


**RICHELLE KERN** 89%


**JANI KRUGER** 84%


**CINDY LANGEVELDT** 86%


**CARLI MARITZ** 88%


**HAILEY MARITZ** 89%


**JAYLEE MOMBERG** 81%


**EMMA OLIVIER** 87%


**EBEN PEENS** 88%


**DANéL PIETERSE** 81%


**CALIKA ROBERTS** 84%


**TANé ROOS** 80%


**KALEY SCHELLINGERHOUT** 88%


**JENNIFER SMITH** 85%


**MELODIE STEYL** 90%


**JACO STRYDOM** 84%


**RIANDI THERON** 80%


**CHAD THOMPSON** 87%


**JENSKE VD MERWE** 84%


**MARICKE VD WALT** 88%


**TAYLOR V JAARSVELD** 89%


**NADIA VAN NIEKERK** 82%


**ANNREE VAN ZYL** 87%


**NERINE VENTER** 80%


**WILLLEM VENTER** 85%


**SIMONE VERMEULEN** 86%


**AIDAN WEYERS** 85%


**ANNEQWA WITBOOI** 82%


**ASHLEIGH WOLFE** 81%

# TOP 20 - GRAAD 9

- Alle vakke word in berekening gebring.
- Om vir Top 20 te kwalifiseer moes leerders die volle eksamen afgelê het.


1. ESMARI DU PLESSIS
97%


2. ANKE ROSSOUW
96,1%


3. ALOUISE VOSLOO
95,9%


4. DIVAN KOEN
95,4%


5. ANRI DE BEER
95,1%


6. ELZé ODENDAAL
94,9%


7. EVAN CLAASSEN
94,7%


8. DEWAN WESSELS
94,3%


9. LEANDER TERBLANCHE
94,1%


10. JANI SLABBERT
93,9%


11. ALEXIA MEIRING
93,4%


12. ANé RETIEF
93,3%


13. KAITLYN VAN JAARSVELD
93,2%


14. RYAN LOUW
93%


15. MERISKA BOUWER
92,6%


16. PIETER ELS
92,4%


17. MIEKE KOEN
91,4%


18. MIKAYLA SCHOULTZ
91,2%


18. REZE VAN ROOYEN
91,2%


20. KAYDEN MYBURGH
90,8%

# RES VAN A-KANDIDATE!


**HAYLEY BAGLEY** 80%


**NICOLENE BEZUIDENHOUT** 83%


**TALUSCHKA BOSHOFF** 90%


**ANIKA BOTHA** 82%


**LIAM BOTHA** 81%


**NICOLE BOTHA** 87%


**NICOLENE BOTHA** 84%


**ELNé BURGER** 89%


**LOUIS BUYS** 81%


**CAREL DE LANGE** 82%


**JJ DE LANGE** 82%


**ZANTé DEKKER** 86%


MARKO DELPORT 91%


MICHAEL FLEETWOOD 83%


MILAYKE FOURIE 85%


DE WET GERBER 82%


ILANI GREEFF 89,%


SIMONIQUE GROBLER 80%


MIA HARMSE 86%


ELNé HAVENGA 86%


COLE HILPERT 80%


KATIE HORNE 93%


MIEKE JAMNECK 87%


JOANé JONCK 82%


ZANé JUBBER 89%


JAYDEN JUTA 81%


JACO KILIAN 87%


LEAH LANDMAN 81%


ZANE LIEBENBERG 88%


ENRICO MEYER 90%


CONNOR NEL 81%


CAITLIN OLIVIER 82%


LUCOUW OOSTHUIZEN 88%


CHRISTO PRINSLOO 82%


DANIALLE RABIE 88%


STEPHAN RöTH 84%


CIARAH SANTOS 88%


BEA-Né SCHOEMAN 85%


LENNUSHKA SCHöLLY 82%


ANNIKA SMIT 83%


CASEY-LEE SMITH 91%


CHRISTELLE STANDER 85%


TENIELLE STREVER 84%


MARCO STROEBEL 81%


MINé STROEBEL 83%


MIA STRYDOM 84%


ETHAN TERBLANCHE 84%


MILAN TERBLANCHE 85%



SIMONE TOBIAS
88%



HAYLEY VAN JAARSVELD 91%



KAYLEE VAN NIEKERK
84%



KEISHA-LILLY VAN NIEKERK 85%



KARLA VAN ROOYEN
85%



HANRIKO VAN WYNGAARDT 87%



ZADé VLOK
89%



JOHN-LOUIS VOSLOO
80%



DYLAN WANNENBURG
88%



ILKE WOLMARANS
86%





A1

R

$E=mc^2$

I=U







R

# TOP 20 - GRAAD 10

- Alle vakke word in berekening gebring.
- Om vir Top 20 te kwalifiseer moes leerders die volle eksamen afgelê het.



1. NIANKE BEZUIDENHOUT
93,4%



2. ANRI BOTHA
91%



3. TIAAN PEENS
88,9%



4. CHANTé KOTZE
88%



5. QUINé ZEELIE
87,9%



6. ZANI VLOK
86,7%



7. MILLA VD MERWE
86,6%



8. MELANDRé ACKERMANN
86%



9. SERITA VENTER
85,9%



10. NICOLE CLASSEN
85,7%



11. LARA NELL
85,4%



12. AMARI GOUWS
84,9%



12. JASON NELL
84,9%



14. KARLé DU PREEZ
84,4%



15. MARIE-LOUISE STRYDOM
84,3%



16. CARIKE MARAIS
84,1%



17. LACHé VENTER
82,9%



18. ANNICA BOTHA
81,7%



19. LIANé GOUWS
80,9%



20. JEANDRé HATTINGH
80,3%







# TOP 20 - GRAAD 11

- Alle vakke word in berekening gebring.
- Om vir Top 20 te kwalifiseer moes leerders die volle eksamen afgelê het.


1. HEILA OOSTHUIZEN
97,1%


2. ELANCA VAN JAARSVELD
91,7%


3. CHANTE GELDENHUYS
89,7%


4. MADELEIN VENTER
89,1%


5. ANIKA DE RIDDER
88,9%


6. ILZE HATTINGH
88,6%


7. MILLA OTTO
88,3%


8. CHANELLE STEYN
88%


9. JUSTIN GELDENHUYS
87,6%


10. JUAN WHITTLE
87,1%


11. DUSTON VERMAAK
86,7%


12. WIEHAHN DE LANGE
86,3%


13. KRISTIEN VAN SCHALKWYK
85,6%


14. ZANé GRUNDLING
85,4%


14. CHRISTEL V RENSBURG
85,4%


16. DEWAN VENTER
83,7%


17. FRANCOIS VOSLOO
83,1%


18. DIVAN BESTER
82,7%


19. LEANDI V SCHALKWYK
82,4%


20. ZANRI BLACK
82.3%

# RES VAN A-KANDIDATE!


DANIELLE DU PREEZ
82%


KAYLA MCGRATH
80%


RYAN O'EHLEY
80%


NIKETA PIENAAR
82%


MARLI KRUGER 82%


MEGAN LANDMAN
81%


TIA SAAYMAN 82%


MARCO SPRONG
81%


JANA TERBLANCHE
80%


ANRI VAN ZYL 80%

# TOP 20 - GRAAD 12

- Alle vakke word in berekening gebring.
- Om vir Top 20 te kwalifiseer moes leerders die volle eksamen afgelê het.



**1. THRISCKA STAPELBERG**
**88%**



**2. TIAAN NORTJÉ**
**86,9%**



**3. ANKE SCHEFFER**
**84%**



**4. TRISTAN KOEN**
**83,3%**



**5. MELISSA LE GRANGE**
**80,7**



**6. JANA LAMPRECHT**
**79,3%**



**7. MONIQUE VENTER**
**78,1%**



**8. GERHARD VENTER**
**77,3%**



**8. ANKE ZULCH**
**77,3%**



**10. ANZELLE BOTHA**
**76,7%**



**11. ALEX JAMNECK**
**75,6%**



**12. NICOLA FERREIRA**
**75%**



**13. RUBEN VAN WYK**
**74,7%**



**14. LIANE VLOK**
**74,6%**



**15. ELMIEN HARTSLIEF**
**73,9%**



**16. SHANI NIEKERK**
**73,6%**



**17. THEAN VAN ZYL**
**73,3%**



**18. VASTI MYBURGH**
**72,4%**



**19. TIAAN DE BEER**
**71,7%**



**20. MARNO SHARP**
**71,6%**



**20. JOSIE-LEE STRAUSS**
**71,6%**







# RUGBY NUUS: OP-SEWESSPAN



Hugo Nothnagel en Hein Terblanche ontvang hul OP 0/17 Sewesrugbyspan truie. Hulle gaan aan die nasionale sewestoernooi by Hoërskool Monument deelneem. Ons wens hulle alle sterkte toe. Framesby is baie trots op julle!






# INTERNASIONALE TWEEKAMPBYEENKOMS

Tweekamp atlete wat gekies is om aan die Suid-Vrystaat Internasionale Tweekampbyeenkoms in Bloemfontein op 8 Oktober deel te neem.



Voor: Jaco Strydom, Zanri Black, Ilke Wolmarans, Anabelle Jonck
Agter: Tiaan Peens, Francois Vosloo, Marco Sprong, Elanca van Jaarsveld
*Afwesig: Luhann Sprong

Tweekamp OP-span: Suid-Vrystaat Byeenkoms in Bloemfontein, 8 Oktober

| | |
|---|---|
| **Seuns o.17** | |
| Jaco Strydom | A-span |
| Luhann Sprong | B-span |
| **Dogters o.17** | |
| Ilke Wolmarans | B-span |
| **Seuns o.19** | |
| Francois Vosloo | A-span |
| Marco Sprong | A-span |
| Tiaan Peens | B-span |
| **Dogters o.19** | |
| Zanri Black | A-span |
| Elanca van Jaarsveld | A-span |
| **Junior Dames** | |
| Anabelle Jonck | A-span |

Baie geluk en baie sterkte aan al die Tweekampers

**TWEEKAMP UITSLAE: 24 SEPTEMBER**

| | |
|---|---|
| Seuns o.17 | |
| Luhann Sprong | 5e |
| Dogters o.17 | |
| Ilke Wolmarans | 7e |
| Mari Geissler | 10e |
| Seuns o.19 | |
| Francois Vosloo | 1e |
| Marco Sprong | 3e |
| Tiaan Peens | 4e |
| Dogters o.19 | |
| Zanri Black | 1e |
| Elanca van Jaarsveld | 3e |
| Junior Dames | |
| Anabelle Jonck | 2e |

Welgedaan aan al die atlete. Geluk in besonder aan Francois en Zanri met hul 1e plekke

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# LEERDERS GENIET PRETDAG GATE UIT!


















SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY SKITTER BY NICO MALAN ATLETIEKINTERSKOLE

Sewentig Framesby-atlete het aan die interskole-atletiekbyeenkoms teen Nico Malan en Pearson deelgeneem. Ons atlete het die uitstappie geniet en waardevolle ondervinding opgedoen. Hoewel ons nog nie die finale uitslae ontvang het nie, het Framesby die middelafstande- en velditems oorheers. Lene Barnard het die trofee ontvang vir die beste dogters 0.17-atleet.







# UITSLAE:

**KRIEKET:**
**Woensdag, 28 September**
**Framesby eerstespan vs Grey High T20 wedstryd**
Grey wen die loot en kolf eerste.
Grey behaal 200/6 in 20 beurte.
Beste boulers:
Taine Douw 36/2 in 4 beurte.
Wiaan Hanekom 16/1 in 3 beurte.
Juan Grigor 34/1 in 4 beurte.
Corné Jordaan 36/1 in 4 beurte.
Zandré Delport 34/1 in 3 beurte.
Framesby behaal 115/5 in 20 beurte.
Beste kolwers:
Wiaan Hanekom 42 (39)
Hanro van Jaarsveld 34 (34)
Corné Jordaan 12* (13)
Framesby verloor met 85 lopies

**Framesby vs Grey**
**Tweede span**
Framesby wen die loot en boul eerste
Grey behaal 148 vir 5 na 20 beurte
Beste boulers:
Rivaldo du Plessis 18/2 na 3 beurte
Josh Fortuin 4/1 na 1 beurt
Waldo v Ass 18/1 na 3 beurte
Framesby kolf en behaal 108 vir 8 na 20 beurte
Beste kolwers:
Camron Hammond 50 nie uit nie
Corne Cloete 19
Robert Capes 10
Framesby verloor met 40 lopies

**Woensdag 26ste September**
Framesby 0/15A vs Grey 0/15A
T20 Wedstryd
Framesby wen die loot en besluit om eerste te boul.
Grey behaal 103-6 in 20 boulbeurte
Beste Boulers:
Christo Prinsloo 2-5 na 2 boulbeurte
Durandt Roodtman 2-16 na 3 boulbeurte
Framesby behaal 91-6 in 20 boulbeurte
Beste Kolwers:
JJ de Lange 20
Milan Terblanche 16
Lehan Barnard 16*
Grey wen met 12 Lopies

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# SUID-AFRIKAANSE WISKUNDE OLIMPIADE

## 4 FRAMESBY-LEERDERS IN SPAN OPGENEEM

Die Suid Afrikaanse Wiskunde Olimpiade Spankompetisie het op 10 September 2022 plaasgevind. Een senior en een junior span, onder leiding van Dr. Govender, is gekies om vir Nelson Mandela Bay Eastern Cape aan die kompetisie deel te neem. Leerders wat aan die 2de rondte van die Suid-Afrikaanse Wiskunde Olimpiade (SAMO) deelgeneem het, is op grond van hul prestasie in SAMO rondte 2 gekies vir opname in die spanne. Elke span het bestaan uit 10 spanlede en 3 reserwes. Framesby het gespog met 4 leerders!

Tiaan de Beer (graad 12, senior), Anri de Beer (graad 9, junior), Matthys Potgieter (graad 8, junior) en Daniël Stofberg (graad 8, junior). Tiaan de Beer is ook aangewys as onder-kaptein van die senior span. Die junior span het 15de geëindig uit die 155 spanne wat ingeskryf het en die senior span 13de uit 154 spanne. Na afloop van die kompetisie het elke leerder 'n sertifikaat en trofee ontvang as erkenning dat hulle die Oos-Kaap in hierdie kompetisie verteenwoordig het.



## UITSLAE VAN DIE WEEK:

**Krieket:**

**Maandag 26ste September**

**Framesby 0/15A vs Alex 0/15A**

Alex wen die loot en stuur Framesby in om te kolf.

Framesby behaal 170-4 in 20 boulbeurte

Beste Kolwers:

Logan Fleetwood 70*

Durandt Roodman 45*

Alex behaal 77 almal uit in 19 boulbeurte

Beste boulers:

Logan Fleetwood 4-9 in 4 boulbeurte

Dewan Wessels 2-6 in 4 boulbeurte

Framesby wen met 93 lopies.

**Maandag, 26 September**

**Framesby 1stes vs Alexander Road**

T20 wedstryd

Alexander Road High wen die loot en kolf eerste.

Alex behaal 107/7 in 20 beurte.

Beste boulers:

Corné Jordaan 14/2 in 4 beurte.

Jeanré de Vos 13/1 in 3 beurte.

Juan Grigor 14/1 in 4 beurte.

Framesby behaal 108/4 in 13.4 beurte.

Beste kolwers:

Cuan Gerber 24* (23)

Hanro van Jaarsveld 20 (19)

Stefan Scholtz 16 (8)

Corné Jordaan 16 (16)

Framesby wen met 6 paaltjies.

**Dogterskrieket:**

Leila is onlangs gekies om deel te wees van 16 spelers van die OP-vrouens oefengroep. Sy het die naweek haar eerste T20 wedstryd vir die vrouens OP-span teen Grens in Fort Beaufort gespeel.

Leila het net geboul en 3 paaltjies gekry en ook 'n “run out” in die T20 wedstryd.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# SA-SPIESGOOIAFRIGTER HELP LEERDERS

Leon Rheeder, professionele SA- spiesgooiafrigter, het vir Framesby- en Lorraine-leerders die fyner kuns van spiesgooitegniek geleer. Leerders en afrigters het baie geleer en is slaggereed vir die komende atletiekseisoen.






# ANRI VAAR UITSTEKEND BY AQUANOVA-GALABYEENKOMS

Anri de Beer het die afgelope naweek (23 - 24 September 2022) aan die Aquanova Future Stars Short Course gala deelgeneem, wat plaasgevind het by Stirling Laerskool in Oos-Londen. Anri het in die meisies 14 jaar en ouer-afdeling deelgeneem en het 4 goue en 2 brons medaljes verower.

Haar uitslae was as volg:

200 meter Rugslag - 1ste & Persoonlike beste tyd
50 meter Rugslag - 1ste
200 meter Medley Aflos - 1ste
200 meter Vryslag Aflos - 1ste
50 meter Vlinderslag - 3de
100 meter Rugslag - 3de
100 meter Vlinderslag - 4de & Persoonlike beste tyd
50 meter Vryslag - 5de & Persoonlike beste tyd



SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

## ONS GESELS MET: LUSAUN NASH (Née BROPHY)



*Lusaun Nash*

Kyk, ek was nou nie die vinnigste of mooiste of slimste girl op skool nie, maar ek het ongelooflike FOMO gehad so enige iets wat net gelyk het of dit gaan gebeur en ek was daar. Framesby was in my tyd 'n gemiddelde skool wat vir die gemiddelde leerder 'n plekkie in die son gegee het. Daar is soveel lekker herinneringe en lekker mense waarmee ek daardie tye gedeel het dat ek bang is om name te noem en iemand uit te los. Wat wel genoem moet word is FRUK. Ek was in die eerste groep toe Mev Martlie Jordaan FRUK gestig het. Dis moontlik in daardie jaar wat sy haar wenkbroue afgeskroei het toe ons aan 'n stel gewerk het... FRUK was waar ek my voete gevind het. Ek het trompoppies en swem en hokkie en VCSV en Leerlingraad en en en ...... gedoen, maar FRUK het my geleentheid gegee om my skaam af te skud en my stem te vind.

Ek is 'n Desember-baba so toe ek in November 1994 my matriek-eindeksamen begin skryf het, was ek nog 16. So die wye wêreld was bietjie vinnig op my en ek het dus die jaar na matriek Diensjaar vir Christus in die Kaap gaan doen en eers daarna by NMU (toe nog UPE) gaan studeer. Ek het BProc Regte begin en later daardie jaar BA Sielkunde bygevoeg en my nagraadse studies in Sielkunde voltooi en die Regte agtergelos.

Ek het my man in 2000 ontmoet en is saam met hom Engeland toe waar ons getroud is in

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

2001. In 2005 het ons terug PE toe gekom, want huis bly huis. Ons seun is in 2007 gebore en sy sussie in 2013.

In 2009 het ek myself deeltyds terug by Framesby ingewurm as Berader en voor die jaar verby was het die pos voltyds geraak. Wat 'n voorreg om te kon teruggee aan my skool. My tyd by Framesby was fantasties. Ek het soveel respek vir onderwysers gekry!

Hierdie jaar vind ek myself in heel ander waters. Ek is tans betrokke by The Gowars and Associates waar ek as Psigometris skolastiese assesserings vir die praktyk behartig. Ek is ook betrokke by Welbedacht Terapeutiese Sentrum, 'n sentrum wat werk met middel-afhanklikheid en dan het ek ook my eie privaat praktyk waar ek spesialiseer in berading en "Life Coaching" vir tieners. Alhoewel ek nie meer voltyds by Framesby is nie, glo ek nie ek sal ooit die naelstring heeltemal knip nie en ek is dankbaar om steeds by hulle betrokke te wees.

Framesby se merk op my lewe is vir altyd op my hart ingebrand. Dis waar ek geleer het om skelm fudge in Biologie te eet sonder dat Mnr Van Niekerk sien (dink ek), hoe om 'n Juf Schelbert-goedgekeurde witsous te maak en, danksy Mnr Saunders en Mev Kennedy-Good, dat dit OK is om buite die boks te dink. Daar is steeds van my oud-onderwysers wat kollegas geraak het by Framesby,. Vir julle salueer ek. Ek staan verstom oor hoe julle passie vir kinders steeds so warm brand soos in my dae. Dit bly maar lekker om 'n Framesby te is.







# OUDSKOLIERE BERIGTE:

Indien jy iemand vir die Oudskoliere-berig wil nomineer, kontak ons gerus : mediasentrum@framesby.co.za.

Ons wil graag berigte plaas van al ons oudskoliere, maar benodig hul selfoonnommer/e-pos om kontak te maak.

Dis altyd lekker om te hoor waar ons oudskoliere hulself vandag bevind sowel as om terug te kyk na almal se Framesby herinneringe.

# OUDSKOLIERE MEMORABELIA:

Ons wil graag memorabelia vir ons oudskoliere ontwerp en laat maak. Enige voorstelle kan na mediasentrum@-framesby.co.za ge-epos word.



SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY
## OUDSKOLIERE (FOS)

Beste Oudskolier
Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos:

- ✓ NAAM EN VAN :
- ✓ NOOIENSVAN:
- ✓ ID-NOMMER:
- ○ JAARTAL GEMATRIKULEER:
- ○ ADRES:
- ○ PROVINSIE:
- ○ BEROEP:
- ○ TELEFOON:
- ○ SELFOONNOMMER:
- ○ E-POSADRES:

**U inligting bly hoogs vertroulik.**
**Die rede hoekom ons u ID-nommer benodig, is om te verhoed dat ons duplikate op ons sisteem stoor.**



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

Hoërskool Framesby

Cornelialaan
Framesby Port Elizabeth
Tel: (041) 360 1257

Skoolhoof: Mnr. M. Germishuys

E-pos : skoolhoof@framesby.co.za
Webwerf : www.framesby.co.za

Posbus 28065
Sunridgepark 6008
Faks: (041) 360 7787

# KENNISGEWING VAN NOMINERING EN VERKIESING

Kennis geskied hiermee van die **nominasieproses** wat gevolg word vir die **verkiesing** van benoemdes vir (2) twee **OUERLEDE** vir die beheerliggaam van Hoërskool Framesby. Nominasievorms is vanaf 19 September 2022 by die Skoolhoof se kantoor beskikbaar en moet voor 10:00 op 29 September 2022 by die Skoolhoof se kantoor ingehandig word. Vir ouerbenoemdes moet die benoemde, voorsteller en sekondant ouers van leerders van die skool wees. Benoemdes moet ouers wees wat nie in diens van die skool is nie.

Nominasies sal dan sluit en gefinaliseer word vir die **vergadering** wat om 17:00 op 11 Oktober 2022 'n aanvang neem, met die verkiesing in die Skoolsaal van Hoërskool Framesby. Minstens 15% van kiesers is nodig om 'n kworum te vorm voordat die stemming en tel van stemme kan voortgaan.

Indien ons nie die 15% kiesertal haal nie, sal die verkiesingsvergadering om 07:00 op Maandag, 24 Oktober 2022 in die Skoolsaal van Hoërskool Framesby plaasvind, wanneer dit nie nodig sal wees vir 'n kworum voordat met die stemming en tel van stemme voortgegaan kan word nie.

Die lys van genomineerde ouers met toepaslike inligting sal vanaf om 16:00 op 11 Oktober 2022 in die saal vir ouers beskikbaar wees.

Dit is die verantwoordelikheid van die benoemde, voorsteller, sekondant en alle kiesers om te verseker dat hul name op die skool se kiesersrol, wat vanaf 08:00 tot 12:00 per afspraak by die skool besigtig kan word, verskyn, of alternatiewelik is die inligting by die skool beskikbaar. Neem asseblief kennis dat die name van alle ouers op die kiesersrol geplaas word, volgens ons administratiewe program, wat by die skool besigtig kan word. Die kiesersrol sluit op 29 September 2022.

Enige onsekerhede of navrae kan met u Skoolhoof bespreek word.

**MNR M. DE VRIES**
**KIESBEAMPTE**
**01 September 2022**

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

Hoërskool Framesby







# DIE WOLKSKOOL

# MAANDVERSLAG

September 2022

Die Wolkskool verseker dat elke leerder en onderwyser ingelig is oor die waarde wat hulle verkry met Die Wolkskool en om sodoende optimale gebruik en korrekte aanwending van die platform te bewerkstellig. Daarom is dit vir ons belangrik om op ŉ gereelde basis met u te kommunikeer rakende verskeie aspekte en aangeleenthede om ons diens aan die skool te verbeter. Die Wolkskool-span is toegewyd om gehalte diens aan u te lewer en buiten die uitbreiding van die platform word oueropleiding ook beplan. Ons sien uit om saam met julle te groei.






## Bestuur jou nalatenskap deur behoorlike boedelbeplanning en jou testament

Baie van ons is altyd besig om "goed" bymekaar te maak, waarvan party hetsy om finansiële of sentimentele redes vir ons baie belangrik is, terwyl ander van minder belang is. Ons kan sommige goed sien en aanraak, soos 'n motor. Ander kan nie gesien word nie, maar is net so belangrik, soos die reg op iets wat in 'n trust bewaar word. Maar wat gebeur met al hierdie "goed" wanneer ons die dag te sterwe kom?

### Die opstel van 'n testament verg 'n strategie in die vorm van boedelbeplanning – watter oorwegings moet jy in gedagte hou?

Voordat 'n mens dit op skrif stel, moet jy mooi dink hoe jou testament onbedoelde gevolge kan hê. Met behoorlike boedelbeplanning kan al hierdie oorwegings beter bestuur word. Boedelbeplanning behoort 'n komponent van ons breë finansiële beplanning te wees. Dit help ons om ons sake te orden en te sorg dat ons geliefdes by ons afsterwe in die beste moontlike finansiële posisie gelaat word.

### 'n Kernelement van boedelbeplanning is hoe die boedel belas sal word

Belasting moet nooit die enigste faktor wees wat oorweeg word nie, maar ons moet belastingdoeltreffendheid in die uitvoering van ons wense probeer verseker. Oorwegings sluit in om belasting te vertraag deur besittings aan 'n oorlewende gade na te laat, of voor afsterwe 'n skenking te doen aan 'n trust of 'n ander party. Nog 'n belangrike oorweging is likiditeit in die boedel, om te sorg dat daar genoeg kontant is om skuld te vereffen en belasting te betaal. Dit sal verhoed dat kosbare bates soos die gesin se huis noodgedwonge verkoop moet word. Waar likiditeit dalk onvoldoende is, moet geskikte lewensdekking oorweeg word wat kontant aan die boedel sal betaal.

### Wanneer 'n boedelplan in plek is, het jy 'n testament nodig wat aan verskeie reëls voldoen

In 'n wêreld waar kommunikasiemedia deurentyd verander, het die kommunikasie van ons wense vir die hantering van ons besittings by afsterwe redelik formeel gebly. Die wet stel formele vereistes vir testamente om geldig te wees. Die getuies by jou ondertekening van die testament moet byvoorbeeld ouer as 14 wees, nie begunstigdes van die testament wees nie en moet fisies teenwoordig wees wanneer jy die testament teken, en hulle moet hul handtekeninge byvoeg. Daar is ook verskeie ander formaliteite. Een verkeerde stap kan veroorsaak dat die hele testament ongeldig is. By afsterwe sonder 'n geldige testament word die boedel volgens intestate erfopvolging verdeel. Dit beteken ons bates word namens ons volgens vasgestelde regsreëls verdeel. Dit kan daartoe lei dat bates toegeken word aan 'n familielid wat dit nie nodig het nie, of nie in staat is om dit te bestuur nie.

'n Testament kan eenvoudig wees, soos om 'n paar mense as erfgename te benoem. Dit kan egter baie meer ingewikkeld raak, in welke geval 'n trust kan help om bates na jou dood te bestuur. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat ander elemente soos jou huweliksbedeling, egskeiding en bates wat in 'n buitelandse jurisdiksie gehou word, ook 'n invloed het op hoe jou testament opgestel word – beide in Suid-Afrika en, wanneer nodig, in die buiteland.

'n Artikel soos hierdie kan nooit al die toepaslike oorwegings dek nie. Jou finansiële adviseur kan jou deur hierdie proses lei op 'n wyse wat die beste vir jou omstandighede werk en by jou breë finansiële plan inpas.

*Skrywer: Gerhardt Meyer, Strategiese Tegniese Bestuurder, PSG*

Vriendelike groete



**T** +27(41) 392 6900 | Kaapweg 146, Mill Park, Gqeberha, 6001.

Affiliates of the PSG Konsult Group are authorised financial services providers.
**PSG Wealth Financial Planning (Pty) Ltd is an authorised financial services provider. FSP 728**


IT on the move
marinda@itonthemovepe.co.za
083 580 0191
ELECTRONICS
CONSUMABLES
COMPUTERS
LAPTOPS
CCTV
REPAIRS
Like us on Facebook
Shop 31, Sunridge Village Shopping Centre
Kragga Kamma Road, Sunridge, Port Elizabeth

LINKQNET INVERTERS
900watt Combo R4999
( Includes x1 102ah Deep Cycle Battery )
1600watt Combo R6999
( Includes x2 102ah Deep Cycle Batteries )
Both these units comes with a
2 year Carry in Manufacturer Warranty.
LinkQnet

Village
SYNAPSE INVERTERS
3KVA INVERTER + 2 BATTERIES R9 999
5KVA INVERTER + 4 BATTERIES R21 999
STAY PLUGED IN DURING LOADSHEDING
SYNAPSE